DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Johannes 15:5*

10 Junie 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 91: 5, 7	Sing vooraf	Ps. 81: 11, 12
Sing	Ps. 75: 1, 6	Sing	Ps. 96: 1 - 3
	Ps. 32: 1, 3		Sb. 9-1: 1, 2, 10 (26)
	Ps. 69: 2, 8		Ps. 73: 11, 12
	Ps. 75: 2, 4		
Skriflesing	Matteus 5:17-20 en 38-42 Romeine 12:17-21 1 Petrus 4:7	Skriflesing	Jesaja 44:6-23 Lukas 12:13-21 HK Sondag 34 Vraag 94 en 95
Teks	Romeine 12:21	Teks	Jesaja 44:6 Lukas 12:15
Tema	**Burgers in God se koninkryk los die wraak vir God en doen wat goed is**	Tema	**Daar is net een God - Hom moet jy alleen vertrou**
Katkisasie-opening: Skrifberyming 8-3			

2. ALGEMENE KERKNUUS

Beroepe Bedank

- Ds WJ Steyn (Willem) van Potchefstroom-Die Bult na Vereeniging

Beroepe Ontvang

- Ds WJ Botha (Kobus) van Bloemfontein-Noord na Durban-Noord
- Ds MH le Roux (Marco) van Newcastle na Kemptonpark

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Eerskomende Dinsdag sal die kerkkantoor gesluit wees. Dit is egter wel oop op Donderdag van 09h00 tot 12h00.

BASAAR

Dit is weer tyd om voor te berei vir ons jaarlikse basaar op DV **Saterdag, 27 Oktober.** Alle wit olifante, boeke, glaspotjies vir konfyt, 2de handse klere en plantbakkies (ook leë roomys- en joghurt bakkies) kan ‘n huis vind in die houers wat uitgesit is in die teedrinklokaal. Lidmate wat belang stel om te help met die koördinering van die stalletjies, bemarking of enige ander aspek van die basaar – skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal.

BORG ‘n BYBEL

Baie dankie vir u betrokkenheid by Borg-‘n-Bybel en die Bybelverspreiding aksies! Met die Here se genade kon ons die finansiële jaar eindigende 28 Februarie 2018, die bedrag van R67708,70 borg vir verskeie projekte. Van hierdie projekte sluit in die vertalings van die nuwe Afrikaanse *Bybel Direkte Vertaling*, die nuwe *isiZulu Vertaling*, die *English Bible for the Deaf*, die Bybel aan *graad 7s*, die Bybel aan die *Armstes van die armes* en die *Geletterdheid* werksboekies vir 5- tot 7-jariges. As u meer te wete wil kom oor enige van hierdie projekte kan u op die Borg-’n-Bybel kennisgewingbord daarvan lees!

U is inderdaad betrokke by ‘n baie mooi visie nl.: **‘n Bybel vir elkeen**.

Die UitreikBybel is die Bybel wat teen kosprys R59,00 kos (standaard Bybel R99,00), wat ‘n belangrike rol speel in die verspreiding van die Bybel in al die tale. Die Bybel is op koerantpapier gedruk en het 'n sagteband. Die Bybel is steeds van hoogstaande druk kwaliteit en is reeds in die meeste van ons amptelike tale beskikbaar. Dit en die prys maak dit die ideale Bybel vir Bybelverspreiding.

Ons het pilhouers wat by die deure beskikbaar is waarin 'n R5-muntstuk presies pas. As hy vol is dan is dit ongeveer die prys van 'n standaard Bybel en borg jy dus een standaard Bybel teen R99,00! Die laaste bedrag wat ons gebank het met fondse uit ‘n paar spaarbussies is R898,60. Moet asseblief nie ophou om van u kleingeld daarin bymekaar te maak nie. Hierdie geld word gebruik om van die UitreikBybels aan te koop vir ons katkisante se uitreik aksies.

BYBELSTUDIE

Bellville: Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Bybelstudie vir mamma’s: Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

DOPPER KOMBUIS

‘n Hartlike dank aan die Here, en elkeen wat van die oggend ‘n reuse sukses gemaak het! Ons kon ‘n bedrag van R5 430 inbetaal in die Kerkkas. Ons maak DV **Vrydag, 3 Augustus** weer so!

EVANGELISASIE TOERUSTING

Uitdrukke van die kursus materiaal is in die kerkkantoor beskikbaar, indien u graag daarvan wil bekom. Die volgende byeenkoms is DV Saterdag, 14 Julie om 09h00.

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: For the best of the Reformed tradition getting exposure in the English-Language medium among the millions of people living in the southern suburbs and surrounds

Prayer: For members to witness to the Gospel in their various vocations and callings, and invite unbelievers and the under-churched to RCB and RCSS

KERKLIKE TYDSKRIFTE* – *Inskrywings sluit vandag!

Skryf asseblief u naam op die lys op die kennisgewingbord in die teedrinklokaal indien u belangstel om die volgende tydskrifte vir die tydperk **Julie 2018 tot Junie 2019** te ontvang:

- Die Kerkblad – R320.00
- Vroueblad – R270.00
- Die Slingervel – R250.00

Huidige intekenare moet asseblief ook u naam op die lys skryf, indien u wil voortgaan ons dit te ontvang. U inskrywing word nie outomaties hernu nie. Betalings kan per EFT gedoen word of plaas kontant in ’n gemerkte koevert in die Kassiere kissie.

SENIORS

Alle lidmate bo 60 jaar word hartlik uitgenooi na ons jaarlikse sop-en-brood eerskomende **Dinsdag, 12 Junie** by die pastorie. Dit begin na afloop van die oggend se bybelstudie, ongeveer om 10h45. Skryf asseblief vandag nog u naam op die lys in die teedrinklokaal indien u die geleentheid wil bywoon. Kontakpersoon: sr. Geertje Groenewald

SOP & SJERRIE-AAND (met ‘n kinkel)

Die Susters nooi die u hartlik uit na ’n Sop en Sjerrie-aand eerskomende **Saterdag, 16 Junie** om **18h30**. Vandag is die laaste geleentheid om jou naam op te skryf vir ‘n prettige aand saam met die res van die gemeente. Die koste verbonde is R50 per persoon en R20 per kind onder 10 jaar. Daar sal weer ‘n oppas-diens in die kerkhuis beskikbaar wees vir die kinders.
Betalings kan per EFT gedoen word (met die verwysing SOP+naam) of plaas die korrekte kontant in ‘n gemerkte koevert in die Kassiere kissie. Ons vra dan ook dat diegene wat hul weg oopsien om ’n sop te maak of ’n broodjie te skenk, hul name op die gegewe lys sal skryf. Kontakpersoon: sr. Tillie Wüst

4. SUSTERS

EMBLEEM VIR DIE SUSTERS

Ons nooi alle lidmate wat belangstel – oud en jonk – om jul ontwerp(e) vir ’n embleem vir die Sustershulporganisasie van ons gemeente voor te lê. Die tema: **Omgee**, gebaseer op Johannes 14:20-21: “... weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle. ... en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.” Die sluitingsdatum is DV 29 Julie 2018. Stuur die ontwerpe asseblief per e-pos aan judy.venter@mweb.co.za, of gee dit ná die oggenderediens aan srs. Judy Venter of Deléne Vrey.

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Lidia Juyn**, Anna du Plessis, Annalize Louw, Marilie Snyman, Alta Swanepoel, Elmarie Swart, Debbie van der Westhuizen
Volgende Sondag: Srs. **Nicolette Costerus**, Hilde Coetzee, Marié-Louise de Koker, Judy Lottering, Kotie Reynecke, Joany Koen, Julia van Wijk, Adi du Plessis
Woensdag, 20 Junie (Kerkraad): Srs. **Emzy Venter**, Debbie Daling, Hester Lyons, Annette Wendt

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Eduard Roos, Piet Reyneke, Dewald Costerus
Volgende week: Brs. Cobus du Plessis, Pieter van Nieker, Willie Swanepoel, Albert Mulder

Ouderlinge
Vandag: Brs. Johan Snyman, Berend Meijering, Ruhan Coetzee, Llen Labuschagne
Volgende week: Brs. Willem de Haan, Peet van der Walt, Harm du Plessis, Wilhelm Groenewald

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Jakobus Wüst, Riaan Janse van Rensburg
Volgende week: Brs. Adriaan Louw, Martin van der Walt

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT
Junie: 18/06 Welgemoed (datum het verskuif)
Julie: 23/07 Oude Westhof, 30/07 Durbanville 1
Augustus: 13/08 Durbanville 2, 27/08 Stellenryk

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Jeug van GK Bellville
By die deure:	Emeritaatsfonds	Teologiese Studentekas

VERGADERINGS
Finansiële Kommissie
Maandag om 18h00 in die konsistorie

VERKIESING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS
Vanoggend voor die erediens vind daar 'n verkiesing plaas.

- As ouderling vir Bellville (kies 1): brs. Ben Costerus, Attie Juyn
- As diaken vir Bellville (Ja/Nee): brs. Chris de Waal, Louis du Plessis, Pieter Uys

6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir s**r. Beatie Roos** gelukwens met haar **82ste** verjaarsdag!

Vandag	Sr. Rina Hoffman
11/06	Logan Henderson (8 jaar) Dupré Janse van Rensburg (13 jaar)
13/06	Sr. Elrika du Toit
14/06	Sr. Beatie Roos
15/06	Sr. Marie de Haan Lia Janse van Rensburg (6 jaar)
16/06	Br. Willem Bezuidenhout

Mag die Here, wat vrede gee, julle altyd in alle opsigte vrede gee!
Die Here sal by julle almal wees! *2 Tessalonisense 3:16*

Skrifberyming 8-3: Die Heilige Gees werk

Die Vader, Seun en Gees is ewig God en Here.
Ek kan nou seker wees die Gees bring nuwe lewe.
Hy is aan my gegee en lei my tot geloof.
Hy troos my elke tree – so het die Heer beloof.

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za